

TIPPING POINT GEBED INISIATIEF – BEKENDSTELLING.

Ons by die MPG (MoreletaPark Gemeente) se gebedsbediening ervaar die laaste tyd toenemend 'n dringendheid, wat ons glo van die Here af is, om 'n tydperk van vas en gebed uit te roep waarin daar so wyd soos moontlik oor ons land vir verskeie dringende sake gebid word.

Ons glo ons land het 'n "tipping point" of te wel 'n keerpunt bereik, geestelik, ekonomies, moreel sowel as polities. Ons is nou op die plek waar daar baie min verder hoef te gebeur of skeefloop, alvorens ons land onherroeplik oor 'n afgrond tuimel in totale anargie en wetteloosheid in.

Is ons dalk te pessimisties, melodramaties of onrealisties? Ek glo nie!

- Vra een van ons boere hoe dit werklik gaan op ons plase en met ons boere gemeenskap.
- Vra enige polisieman hoe dit werklik in ons polisiemag daar uit sien
- Vra enige onderwyser(es) hoe dit in ons uitsoek skole gaan, wat nog te se van in ons staatskole.
- Lees bietjie vir een week elke dag die koerant, elke hartseer berig
- Ens ens.
- Vra jouself dan af = kan dit regtig veel langer so aangaan???

Nee my liewe Christen vriend, ons is nie onrealisties of pessimisties nie – ons is juis realisties, openhartig en eerlik: dit gaan sleg in ons land, punt. In der waarheid slegter as wat dit al ooit op enige ander tyd in ons geskiedenis gegaan het.

MAAR – en dis 'n groot maar, ons verloor nie moed nie, want die Here is nog nie met ons land en sy volkere klaar nie, dit verseker Hy ons uit Sy woord. Soos ons lees in Esther 4:14 glo ons by MPG gebed met ons hele hart = die Here het Sy kinders oor kerke en kleurgrense heen in Suid Afrika geplaas JUIS vir 'n tyd soos hierdie.

Die Here se vir Sy kinders glashelder in Sy Woord dat Hy ons land sal genees, as ons regtig erns met hom maak, soos wat koningin Ester en die Jode destyds in hulle tyd van krisis gedoen het. Daarom beoog ons om met die Here se hulp, net soos in Esther se tyd, ons saak in gebed voor God te kom stel. Ons by MPG gebeds bediening wil graag die proses ko-ordineer en lei (met 'n dienende hart en hand), sodat soveel moontlik van ons mense landswyd kan begin bid vir 'n uitkoms, en dan volhou daarmee totdat die Here vir ons antwoord, en ons land besoek met die herlewing waarna ons jare al verlang en smag.

Hoe sal dit werk in praktyk?

1. MPG gebed sal voortdurend lering (teaching) beskikbaar maak om bidders te leer, lei en op te bou. Die lering sal 1-2 weklíks beskikbaar gestel word, skriftelike en visuele formaat.
2. Hiermee saam sal ons week vir week gebed onderwerpe en punte deurgee, sowel as praktiese raad en voorstelle om die gebedstyd in te rig. Die inligting sal op facebook(<https://facebook.com/moreletapark/>) sowel as MPG se web blad (www.moreleta.org) gepubliseer en opdateer word. (Skriftelik en visueel/video)
3. Jy sal alles wat jy nodig het om die proses te verstaan en volg vind op Moreleta Park Gemeente se weblad en Facebook bladsy, in Engels en Afrikaans beskikbaar.

Uitnodiging tot 'n geestelike "journey" saam.

Ons gaan dit herhaaldelik se: Hierdie gebeds inisiatief is nie 'n MoreletaPark "ding" nie. Inteendeel, dis die Here wat Sy kerk, en Sy kinders, landwyd oproep om dag en nag tot Hom te roep, TOTDAT Hy die antwoord (landswye herlewing) bring (Jesaja 62:7) MoreletaPark is toevallig die instrument wat die Here gekies het om hierdie gebedstaak te koördineer, niks meer as dit nie.

En nou, my kosbare broer / suster in Christus, nooi ons (MPG gebed) vir julle om 'n gebed "journey" saam met ons te begin, en te voltooi. Niks sal ons meer vreugde gee, as juis dit, dat ons saam as God se kinders, eendragtig tot hom begin roep, en saam die wonderlike uitkoms beleef. Ons vra jou mooi – kom saam met ons op hierdie gebedsreis – dit gaan beslis die moeite werd wees!

Die MPG gebedspan.